# Mat 6:12 **Vergeef ons ons skulde soos ons ook ander vergewe!** Vry 21 Aug '20

**Bronne:**
**Buys, PW** 1984 Klasdiktaat.Verklaring vd Heid. Kat..
**De Bruyn PJ** 1994 Jou enigste Troos. Son 50
**Feenstra, JG** 1986 Leer en Lewe.

**Mat 6:12** "…en vergeef ons ons **oortredings/skulde/sondes** soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree;…"

Hierdie vyfde bede van die modelgebed, het inherent die belydenis wat God vir ons doen deur Jesus Christus, maw sy groot genade en barmhartigheid en vergifnis, **maar** daar lê ook die baie groot **ongedwonge, dankbare, gehoorsaamheid,** aksie van ons kant af.

"Ons kan die vergifnis van ons sondes deur Jesus Christus se versoeningswerk as volg verduidelik:

- **As Profeet**, **verkondig** Jesus Christus vergifnis van ons sondes aan ons.
- **As Priester**, **verwerf** Hy die vergifnis van ons sondes aan die kruis met sy liggaam en bloed.
- **As Koning**, **deel Hy die vergifnis uit**." *(de Bruyn.1994:198)*

Met hierdie bede erken ons dat ons sondig is. Hierdie is baie belangrik dat elkeen wat hierdie bede bid, sal besef en erken en bely dat jy sondig is. In die '53 vertaling word dit wat ons verkeerd doen teenoor God aangedui met **"skulde"** Mat 6:12 en **"sondes"** Luk 11:4.

"Alhoewel hierdie drie woorde**, oortredings/skulde/sondes,** nie presies dieselfde betekenisse het nie, is die bedoeling daarvan dieselfde, naamlik om nie God se wil te doen soos wat Hy vra nie. Ons oortree nie net ligtelik wat God verbied het nie, maar ons oortree dikwels doelbewus, vanweë ons sondige aard. Nou kan iemand maklik redeneer, ek doen darem nie so baie sondes nie en werk hard daaraan om dit nie te doen nie. Maar van ons grootste sondes is sekerlik:

- Ons gebrek aan vertroue op God alleen,
- Ons eiewillige godsdiens,
- Ons swye as ander die Naam van die Here gebruik, selfs in films op TV ens.
- Ons ontkenning of misbruik van gesag.
- Ons gevoelens van haat en wrok en onvergewinsgesindheid teenoor ons naaste.
- Ons owerspelige gedagtes tov begeertes na die stoflike, besit en die oortreding vd 7de gebod.
- Daarby kom hoogmoed, slegte humeur, selfsugtigheid, volksondes, kerksondes, ens."

*(de Bruyn.1994:199)*

God vergewe deur Jesus Christus ons sondes totaal van ons. **Ps_103:12** "So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af." God dink nie meer aan ons sondes as ons dit opreg voor Hom bely het nie. **1 Pet 3:18** "Ook Christus het een maal vir die sondes gely, die onskuldige vir die skuldiges, om julle na God te bring, Christus wat as mens doodgemaak is, maar deur die Gees lewend gemaak is."

Met hierdie bede bid ons dat ons sonde en oortredinge tog nie meer 'n kloof sal wees tussen God en ons nie.

MAAR vergeef ons nou ook diegene wat teen ons oortree het? Is ons nie dikwels so onvergewensgesind dat ons met 'n stywe lip sê: **"Ek sal jou vergewe maar vergeet nooit nie!"** Ons wil so halfpad vergewe op ons eie voorwaardes. Ons wil deur God vergewe word maar self wil ons nie vergewe en vergeet nie. As dit my gesindheid is, dan verstaan en aanvaar ek nie God se volkome vergifnis nie. Die gelykenis van die ondankbare, onbarmhartige amptenaar van wie ons lees in **Mat 18:21-35** is dikwels ook ons sondige en verkeerde gesindheid. Ons wil graag hê dat God ons moet vergewe, maar ek vergewe nie my naaste nie. Ek haal ou koeie uit die sloot. Ek het geraamtes in my kas. Ek is dikwels onvergewensgesind, onbarmhartig en onversoenlik teenoor my naaste.

Nee geliefdes so moet dit nie nie wees nie.

- Kom ons bedoel wat ons bid…
  **Mat 6:12** "…en vergeef ons ons **oortredings/skulde/sondes** soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree;…"
- Kom ons leef biddend uit God se genade…
- Kom ons vergeef biddend ons naaste...
- Kom ons vergeef biddend onsself…
    - En ons doen dit omdat God ons vergewe het deur Jesus Christus.

## Amen

(ds. Gerrit Kruger. 0829645595)

## Mat 6:10-13

"Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
**en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;**
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid."

**Amen.**